

## **A3 – Matt 18**

**Ad Hoc Kommissie: Insake die wese van die erediens.**

**Die Kerkraad van die Gereformeerde Kerk die Kandelaar**

**Opdrag: Kontekstuele asook eksegetiese studie:** “*Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde*” Matt. 18: 20

### **Inleiding:**

#### **1. Hermeneutiese benadering**

##### **1.1 Metode en Skrifbenadering**

Die metode van Skrifbenadering is veral in die pragmatiese denke wêreld waarin ons tans leef van uiterste belang, nie dat daar ooit 'n tyd was waar dit van minder belang was nie, tog is die uitdaging tot Skrif getrouheid in ons tyd geweldig. Die benadering wat in hierdie studie vervat word, soos deur die opdrag van die Kerkraad, is Polemies van aard. Dit behels in wese 'n teenwoordig op die stelling: “*Wanneer twee of meer bymekaar is, is God teenwoordig wat sou wys na gelowiges wat saam aanbid*” Hierdie genoemde hipotese veronderstel dan aan die ander kant dat gelowiges saam moet aanbid ander is God nie teenwoordig nie. Met die regte gereformeerde benadering tot Skrif eksegeese word hierdie veronderstelling immers afgewys as swak en onwetenskaplike eksegeese. Daarom sal nodige aandag geskenk word aan die proses van eksegeese wat gevolg moet word om by die “*so se die Here*” die teksgedeelte te verklaar.

##### **1.2 Grammatiese-historiese metodiek**

Die gereformeerde tradisie staan op twee nie-onderhandelbare beginsels:

- God is soewerein en die Skrif is volledig en algenoegsaam. Laasgenoemde beginsel is gevestig op die inspirasie-verklaring van die apostel Paulus aan Timoteus in 2 Timoteus 3:16-17 dat die Skrifte *theopneustos* is – deur God

geadem (Ramm, 1990:93). Ofskoon hierdie gevierde stelling basies die TeNaK behels, word dit allerweë as geldig ook vir die Nuwe Testament geneem.

Die Bybel se geskifte het in 'n hoë-konteks verstaansomgewing ontstaan: die outeurs en hulle gehore het in dieselfde kulturele omstandighede en begrippewêreld geleef, hulle was nie deur die afstande van o.a. geografie, taal, tyd/histories, kultuur, of spirituele begrip van mekaar geskei nie. (Van elke geskrif was daar net een oorspronklike en dit was geskryf om voorgelees te word aan 'n gehoor – die Bybel se geskifte is gehoorvriendelik geskryf.) Die feit dat outeur en gehoor kontekstueel gemene grond gedeel het, bring mee dat outeurs baie van wat hulle bedoel het, nie woordeliks hoof uit te gespel het nie. Hedendaagse lesers en verkondigers van (boonop 'n vertaalde Bybel) moet al die afstande te oorbrug ten einde te 'verstaan'.

Die 'afstand' tussen ons en die Skrif vereis a priori dat ten einde aan die Skrif reg te laat geskied, die Skrif hermeneuties benader moet word. Uiteraard is dit die primêre vereiste waaraan almal moet voldoen wat ernstig oor die verkondiging van God se Woord is. Mense wat die inhoud van God se boodskap aan ander verkondig kan nie die Skrif soos nie-opgeleide mense op 'n naïewe, voor-kritiese manier hanteer nie – dit is 'n werkwyse wat by sektariese rigtings pas.

Vir die bediening van die Woord binne 'n konserwatiewe geloofsgemeenskap is 'n Grammaties-historiese paradigma nie-onderhandelbaar. In hierdie verband is paradigma dan sowel die vertrekpunt asook die bepalende faktor vir die hermeneutiese werkruimte. Dit behels dat die oorspronklike tale (as grammatiese komponent) dien om daarmee vas te stel wat die oorspronklike woorde van die teks presies sê en die verdiskontering van die betekenis van daardie woorde in hul historiese spektrum. Wat het die teks vir die hoorders beteken in die wêreld waarin God dit deur die menslike outeurs tot stand laat kom het? is die vraag wat 'n prediker moet uitmaak ten einde dit aan sy gehoor uit te lê en lewensrelevant toe te pas (Rousseau, 2010:23). Met 'wêreld' word nie soseer bedoel die geografiese ligging van die bakermat van die Skrif nie, ofskoon dit wel ter sake is, maar die kultuur en die manier van lewe/doen deur die mense wat in die Skrif outeurs en gehore is.

Die noodsaaklikheid van die gebruik van die oorspronklike om vas te stel wat die teks werklik sê suggereer nie 'n mindere vertrouwe in die beskikbare, vertaalde Bybel nie, maar vir predikers van die Woord dien dit om die volle spektrum van werkwoorde en die semantiese gebruik van die naamwoorde vas te stel, aangesien hierdie bepalende fasette nie (altyd) in 'n vertaling tot hul reg kom nie.

### **1.3 Hermeneutiek as 'n Bybel wetenskap.**

Die beoefening van hermeneutiek verseker dat daar nie lukraak nie, maar volgens bepaalde reëls en vaste beginsels te werk gegaan word om die Bybel se geskrifte te verstaan. Vir die grammatiese faset is daar vanuit die filologie meer as genoeg bronne beskikbaar om die Hebreeus en antieke Koine van die Bybel binne die sosiale *Sitz im Leben* van die Mediterreense kultuur deeglik te deurgrond.

Die historiese faset is vir baie lank nagevors deur Bybelhistorici, Bybelkundiges en eksegete met die gebruikmaking van historiese bronne. Die bestudering van geskiedenis is 'n sosiale wetenskap en meer recent het die historiese faset in hermeneutiek baie groot vooruitgang getoon.

De Klerk en Janse van Rensburg (2005:52-53) toon dat deur die gebruikmaking van ander sosiaal-wetenskaplike dissiplines (nie net filologie en geskiedenis nie) wat in diens van teologie betrek is, is die Bybel inhoud al helderder belig met behulp van kultuurhistoriese werk, historiesekulturele navorsing, kulturele antropologie, sosiologie, argeologie e.d.m. Hierdeur het nie net die leefwêreld van die eerste-eeuse Mediterreense diadiese individu, die aspekte van familie, manlike en vroulike rolle, ekonomie, religie ens. ens. beter (en wat sommige aspekte betref, vir die eerste keer) bekend geword nie, maar van die historiese Jesus van die Skrifte en wat Hy gedoen en beteken het in sy leefwêreld, van Paulus as 'n Joodse Helleen in sy sending na die heidene, of die visionêre profeet genaamd Johannes op Patmos het data beskikbaar

geword waarvan teoloë van vorige eras net kon droom en wie se werk in waarde verdubbel het vanweë die sosiaal-wetenskaplike perspektiewe waarbinne dit nuut beskou kon word.

Daar moet immers gewaak word dat die sosiaal wetenskaplike nie gebruik word om die Skrif met Skrif verklaring te vervang. Die Sosiaal wetenskaplike kan slegs as ondersteunend en bykomend gebruik word.

#### **1.4 Noodsaaklike tog basiese aspekte vir die eksegetiese proses.**

Die rykdom van beskikbare data transendeer of vervang nie die noodsaaklikheid dat basiese histories-kritiese aspekte (Ramm, 1990:9) vir effektiewe eksegese in ag geneem moet word nie. Die outeur illustreer dit aan die hand van 'n eenvoudige hermeneutiese model met die basiese aspekte vir eksegese (Rousseau, 2010:33)

Sien tabel:

**Tabel 1:** Noodsaaklike basiese aspekte vir eksegese

<b>Betrokke Bybelboek</b>	<b>Tersaaklike Skrifgedeelte</b>
1. Outeur	4. Wat is geskryf/wat staan in die gedeelte
2. Toegesprokenes	5. Wat het dit vir die eerste lesers beteken?
3. Waarom het die geskrif ontstaan?	6. Wat is die boodskap en toepassing vir nou

In kort Afrikaans se dit: Verklaar die Bybel deur die gebruik van die Bybel en nie deur die omstandighede waarin ons in 'n postmoderne kultuur staan nie. Aan die ander kant behoort 'n mens ook versigtig te wees en nie "verdwaal" te wees in die sosiaal-wetenskaplike benadering alleen nie soos reeds genoem is nie.

Met hierdie hermeneutiese sleutel sal nou die Skrif waarheid van Matteus 18: 20 verklaar word sodat in die verklaring van Matt. 18:20 die "so se die Here" duidelik na vore kan tree.

## **2. Hermeneutiese reëls toegepas op Matteus 18 met besondere klem op verse 20.**

*"Want waar twee of drie in my Naam vergader, daar is Ek in hul midde"* Matt. 18: 20

### **2.1 Konteks van Matteus 18 binne die sfeer van die Matteus evangelie.**

#### **2.1.1 Breë konteks – Makro analise**

Die uitstaande kenmerk van die eerste Evangeliebeskrywing is die sistematiese samestelling en uitleg daarvan, waarin die verhalende en redevoerende dele mekaar reëlmatig afwissel en met 'n sentrale tema in hoofstuk 13 (waarin die gelykenisse oor die koninkryk saam gegroepeer is) om eindelijk 'n volmaak-gebalanseerde geheel te vorm. Jesus word as die nuwe koning van Israel wat gebore is aangekondig deur die wyse manne uit die Ooste, die beloofde Messias wat elke stadium en doelwit van die Teokrasie vervul. Jesus is die volmaakte teëbeeld van elke faset van die Ou Testamentiese geskiedenis: die tipes van die Wet, in aanbidding, toewyding en kultiese bediening. In en met Hom word die Ou Verbond vervorm in die Nuwe; die teokrasie in die Koninkryk van die hemel; die eise van die Wet in die Saligsprekinge; Sinai in die berg van die Predikasie; die profetiese bediening van ouds in die lerende van die nuwe bedeling; die priesterbediening in verlossing deur die lydingsversoening; koningskap van die O.T. in die allesoortreffende genade wat vir alle mense bedoel is.

Terwyl Christus egter die kroon en sentrale waarheid van die hele Ou Verbond was asook die perfekte openbaring van God aan die mens, kon dit ook nie anders wees as dat Hy direk teenoorgestel was van die wisselvallige formaliteit wat Judaïsme toe gekenmerk het nie, asook die strenge historiese tradisionalisme van die Skrifgeleerdes.

Daardie Judaïsme en die Skrifinterpretasie van die geleerdes het die Ou Testament laat verword in 'n stelsel van uiterlike ordonnansies en regulasies wat die gees van die Wet, om na God te laat wend, vernietig en uitgeloop het op 'n valse 'geestelikheid' wat onvermydelik skeptisisme by die gewone mense (met gevolglike afvalligheid in nasionale en kultiese lewe) laat ontstaan het.

Daar was egter ook diegene uit 'n ware Judaïsme wat Jesus herken het, weliswaar ver in die minderheid (soos geïllustreer deur Nikodemus, Josef van Arimatea, die gryse en wyse ou Simeon e.a.) en eindelijk het die antagonisme tussen die ware en die valse uitgeloop op die vervolging van Jesus.

In die Matteüsverhaal is daar konstante konflik tussen die ware Koning en valse heerser van Israel (en daar kon seker nie 'n pasliker toonbeeld van valse heerskappy gewees het as Herodes die Idumeër nie: 'n indringer en basterjood wat nooit deur die volk aanvaar is nie ten spyte van al die pragtige bouwerke en selfs 'n veertigjaar-lange bouprogram aan die tweede tempel); tussen Jesus die ware Profeet en die valse aansprake van die Skrifgeleerdes en Fariseërs; tussen die ware Hoëpriester en die priesterbediening wat van die tempel 'n handelshuis gemaak het deur die voorhof van die heidene as 'n plek van geldwisseling en herberg van offerdiere te gebruik.

Hierdie konflik het finaal uitgeloop op Jesus se dood aan die kruis. Die geskiedenis van Jesus soos deur Matteüs verhaal is sowel die vervulling as transformasie van die geskiedenis: hy gee terselfdertyd die geskiedenis van die Evangelie en die Evangelie van die geskiedenis, want die oorwegend historiese karakter van die beskrywing word die basis van die res.

#### **2.1.1.1 Die Matteus-geadresseerdes.**

Dis redelik seker en duidelik dat Matteüs aan Joodse Christene geskryf het om hulle te bevestig in die geloof dat Jesus van Nasaret die Israelitiese Messias is wie se koms in die Ou Testament beloof is. Waar hierdie geloofsgemeenskap hulle egter bevind het is onseker – soos dit tewens ook met die geadresseerdes van die JE die geval is.

Daar is egter aanwysings wat 'n moontlike plek uitsonder: die populariteit van die Evangelie in die Siriese Kerk en veral in Antiogië kan 'n aanduiding wees dat die Evangelie sowel daar ontstaan het, asook aan die Kerk van daardie omstreke gerig was.

Die feit dat dit hoofsaaklik gerig was aan Joodse Christene sluit gewis nie die nie-Jood wat tot geloof in Jesus gekom het, uit nie. Hiervan is die slotwoord aan die dissipels, om 'leerlinge' van alle nasies te maak, meer as sprekend genoeg.

Die hipotese dat die eerste lesers van die Evangelie in Israel woonagtig was, is gebaseer op 'n ander veronderstelling naamlik dat Eusebius se geskiedskrywing korrek is dat Matteüs oorspronklik die verhaal in Hebreeus opgeteken het. Vir laasgenoemde is daar egter al hoe minder aanvaarding aangesien dit n.a.v. tekskritiese gegewens en bewyse almeer aanvaar word dat die Evangelie van meet af in Koine geskryf is.

## **2.2 Mikro analise**

In die eerste oogopslag van genoemde teks kom die polemiese aspek sterk na vore. Dadelik kan die leser vir wie konteks min tot geen betekenis het die vraag vra: "*Is God nie teenwoordig as die gelowige alleen bid en of alleen met God se Woord besig is nie?*" So kan hierdie teks net soos alle teksgedeeltes nie los van konteks verklaar word nie. Vanuit die openbaringshistoriese is dit tog duidelik dat wanneer 'n gelowige in sy binnekamer gaan om die Here aan te roep en met die inwoning van die Heilige Gees in so 'n gelowige die Here tog wel teenwoordig is. Hieroor skryf Chaffey. T van Midwest Apologetics die volgende:

*"First of all, Jesus said 'where two or three are gathered' in His name, so how could this apply to settings of four or more? Also, why would it take two or three believers to be gathered together for Jesus to be in their midst? Isn't he already present in each and every individual believer? So even if one Christian prays, isn't Jesus already there?"*

Om Matteus 18:20 te verstaan sal dit verklaar moet word aan die hand van die omliggende verse in die hoofstuk naamlik die perikoop voor, die perikoop na en die agtergrond van die boek en die skrywer, insluitend die oorspronklike gehoor. Soms kan selfs die perikoop opskrif van 'n gedeelte help om 'n kontekstuele verstaan van die gedeelte te kry, dit is immers nie altyd die geval nie. Die opskrif vir **Matteus 18: 15-20** is: **“Die vergifnis. Gelykenis van die onbarmhartige skuldeiser”**(AOV). Die Nuwe vertaling is immers meer kontekstueel akkuraat met die perikoop opskrif: **“n Broer wat sondig”** met verse 21 – 35 as **“Die plig om te vergewe”** Dit gee klaar 'n duidelike aanduiding dat dit hier eksklusief handel oor kerklike dissipline.

Die oorspronklike gehoor of dan “eerste geadresseerdes” van Matteus het meestal bestaan Joodse gelowiges maar ons lees veral ook van die heidense gelowiges. Sy evangelie was ook 'n evangeliese hulpmiddel vir Jode wat nog nie geglo het nie, sowel as goeie nuus vir heidene wat nog nie tot geloof gekom het nie. Die Jode wat Matteus se evangelie gelees het, sou dadelik geweet het dat hierdie gedeelte oor kerklike tug of sagter gestel; Kerklike dissipline gehandel het. Hoekom? Omdat die Skrifgedeelte hulle herinner het aan die Skrifgedeelte in Deuteronomium rakende die wet. Hoofstukke 17 en 19 handel oor dissipline onder die gemeenskap van gelowiges. Die teks lees as volg:

*“JY mag aan die HERE jou God geen bees of stuk kleinvee waaraan 'n liggaamsgebrek, iets slegs, is, offer nie; want dit is vir die HERE jou God 'n gruwel. As by jou, in een van jou poorte wat die HERE jou God jou sal gee, 'n man of 'n vrou gevind word wat doen wat verkeerd is in die oë van die HERE jou God deur sy verbond te oortree, en ander gode gaan dien en voor hulle neerbuig, en voor die son of die maan of die hele leër van die hemel — wat Ek nie beveel het nie — en dit aan jou vertel word, en jy dit hoor, dan moet jy terdeë ondersoek instel, en as dit waarheid is, staan die saak vas, is hierdie gruwel in Israel gedoen, dan moet jy dié man of dié vrou wat hierdie verkeerde ding gedoen het, na jou poorte uitbring — die man of die vrou — en jy moet hulle stenig, dat hulle sterwe. **Op die verklaring van twee getuies of drie getuies moet die veroordeelde gedood word; hy mag nie gedood word op die verklaring van een getuie nie**” (Deut. 17: 1 – 6) Ook van Deut. 19: 15 hier*



verdiskonteer word wat as volg lui: *“Een getuie mag nie teen iemand optree insake enige misdaad of enige sonde, by enige misstap wat hy begaan nie; op die verklaring van twee getuies of op die verklaring van drie getuies sal ’n saak van krag wees”*

Die Bybel wat die Here Jesus gebruik het was die Ou Testament, dit sien ons ook duidelik in die begroning van al die Christus uitsprake. Hierdie stelling word ook veral as begroning gebruik in die ESV Study Bible wat as onderskrif vir Matteus 18: 16 lees:

*“Evidence of two or three witnesses follows the guideline in Deut. 19:15 and refers to witnesses of the subsequent confrontation described in this verse, not necessarily eyewitnesses to the original offense.” And 18:20, “Jesus affirms that he will be divinely present among his disciples as they seek unity in rendering decisions, which is rightly understood also as an affirmation of omnipresence and therefore of deity”*

Ook Smethurst. M voeg sy stem hierby wanneer hy se:

*“Notice in Matthew 18:20, Jesus employs that ancient Jewish principle for testifying in court—two or three have to agree with one another—and applies this legal glue to gathering ‘in his name.’ When these two or three or three thousand get together and agree they all believe in the same Jesus, his authority is present and they are a church, capable of exercising the keys. This protects the who and what of the gospel. It doesn’t leave gospel accountability to every individual.”*

Sy benadering, hoewel daar kosmetiese verskille is, is dus wanneer twee of meer gelowiges bymekaar kom hulle wel die sleutels van die koninkryk kan toepas in sake rakende die ekslissia wat kerklike tug en of dissipline sou behels. Om hierdie stelling verder te begrond dui Chaffey aan dat:

*“It is with this in mind that Jesus said the Father would grant the request of two or more who gather together in Christ’s name and are in agreement. Agreement on what? On disciplining the erring brother. That’s what this passage is about and yet so*

*many Christians use it as though Jesus promises to answer their prayers when offered in certain situations."*

Daar bestaan dus duidelikheid onder gereformeerde teoloë oor wat hierdie teks gedeelte nie beteken nie. Wat beteken dit dan. Die voor die hand liggende is dus duidelik. Hierdie teks gedeelte, wanneer verklaar word met die regte hermeneutiese sleutels, het te make met kerklike dissipline en of kerklike tug. In 'n resente studie gedoen deur Eric Bargerhuff, outeur van "The most misused verses in the Bible" word ons herinner daaraan dat die eerste geadresseerdes hierdie binne die konteks van Matteus 18 sou lees:

*"In Matthew 18, Jesus is instructing the disciples on how they and all who will follow him should handle situations of interpersonal sin and conflict. His instructions about this immediately follow his parable about the lost sheep (which emphasizes restoring someone who has gone astray) and precedes the parable of the unmerciful servant (which is about being willing to cancel and forgive an outstanding debt). Therefore, the themes that are present in this context are forgiveness, restoration, and reconciliation with a brother or sister who has sinned against you or who has gone astray. Jesus is saying that whenever the church is pursuing and is involved in a reconciliation process with someone who has refused to repent, they can rest assured that God's blessing is with them in their efforts. In other words, as the church renders the judicial decisions on matters of right and wrong that are based on the truth of God's Word, they should be confident that they are doing the right thing and that Christ himself is right there with them, spiritually present in their midst."*

### **3. Opsomming**

Matteus 18: 20 pas in die breë konteks van die perikoop van Matteus 18 en moet verklaar word binne daardie konteks. Vers 15 begin met die woorde: "*As 'n broeder teen jou sondig*" en gee klaar die aanduiding van hoe hierdie verklaar moet word. Eenvoudig gestel lê die antwoord in verse 15 – 17 waarvan die Bybel en praktyk die volgende te se het:

In 18:15–17 Jesus het hierdie riglyne aan ons gegee. Dít is hoe ons moet optree as iemand verkeerd opgetree het. Hierdie riglyne is bedoel (1) vir Christene, en nie ongelowiges nie; (2) as oplossing vir konflikte wat binne die kerk, en dus nie sommer in die breë gemeenskap nie, opgelos moet word.

- Die eerste stap is om persoonlik 'n liefdevolle teregwysing te gee met die doel om die persoon terug te wen.
- Die tweede stap is om een of twee persone uit die gemeente saam te neem en as die persoon nog steeds nie luister nie, is die
- derde stap om dit vir die hele gemeente te sê.

As hy nie so terug gewen word nie, moet hy uit die gemeente uitgesluit word. Wat Jesus wil hê, is dat daar versoening moet wees tussen mense wat van mekaar verskil, sodat daar ook uiteindelik vrede en harmonie onder Christene kan wees. Ons doen so dikwels die teenoorgestelde van wat Jesus sê wanneer mense ons te na kom. Ons draai met 'n gesindheid van haat en wrewel die rug op hulle, probeer om ons te wreek, of skinder van hulle. As jy egter loop op hierdie pad wat Jesus leer, is die kans baie beter dat jy die verhouding sal kan herstel.

In Hoofstuk 18:18 met toesluit en oopsluit verwys Jesus hier na die besluite wat die kerk in konfliktsituasies neem. Daar is vir gelowiges geen appèlhof buite die kerk nie. Die ideaal is dat die kerk se besluite op die leiding van God volgens die riglyne in sy Woord gegrond moet wees. Daar rus dus 'n groot verantwoordelikheid op gelowiges om met hulle probleme na medegelowiges te gaan, en om altyd die wil van die Here in die Bybel te soek wanneer konflikte opgelos moet word. Probleme wat op God se manier opgelos word, sal nou én in die ewigheid betekenis hê. Na aanleiding van hierdie kontekstuele waarneming kan Hoofstuk 18 vervolgens van Wyk as volg ingedeel word as:

- Koninkrykskinders is nie bewus van hulle eie belangrikheid nie – **18:1-5**

- Koninkrykskinders vermy struikelblokke en help ander om dit te vermy – **18:6-9**
- Koninkrykskinders reik uit na afgedwaaldes – **18:10-16**
- Koninkrykskinders wys mekaar onderling tereg – **18:18-20**
- Koninkrykskinders vergewe mekaar oorvloediglik – **18:21-35**

#### **4. Samevatting**

Dit mag dalk oordadig lyk om die proses van eksegeese in die teksverklaring van Matteus 18 te vervat maar dit is tog belangrik wanneer daar polemies na 'n teks gekyk word om veral die roete aan te toon. Dit is daarom so in hierdie studie vervat sodat daar onomwonde gestel kan word dat die teksverklaring soos in bogenoemde vervat is Bybels akkuraat is en die gevolgtrekking gemaak kan word dat dit in Matteus 18: 20 handel, soos in die konteks van die hoofstuk 18, oor Kerklike dissipline.